## RENOSTER REEKS – DEEL 2 (Wetgewing)

Die media het die afgelope twee jaar baie gepubliseer oor renosters, veral die onwettige jag van die diere wat baie toegeneem het. Met hierdie artikel word daar gepoog om vir die publiek ‘n beter perspektief te gee oor al die wetlike faktore wat ‘n rol speel in die renoster bedryf.

### Norme en Standaarde vir die merk van renosterhoring en die jag van witrenosters bepaal as volg:

Die *National Environmental Management Biodiversity Act (Act. no. 40 of 2004)* NEMBA se norme standaarde vir die merk van renosterhoring en die jag van witrenosters vir trofeejag doeleindes was in die Staatskoerant **(No. 32426 / vol. 529)** van 20 Julie 2009 gepubliseer en bepaal as volg:

* Alle lewende renosters wat verkoop of vervoer word moet met ‘n mikroskyfie in die horing gemerk word.

* Alle individuele los horings in privaat- en staatsbesit moet met ‘n mikroskyfie gemerk word.

* Spesifieke inligting van elke horing soos;
  - gewig,
  - lengte,
  - basis omtrek,
  - sowel as fotos

  moet die aansoek vergesel vir die registrasie van renosterhoring.

* Mortaliteite van renosters moet dadelik by die betrokke provinsiale bewarings-beampte aangemeld word. Die beampte moet ‘n mikroskyfie in die horings inplant van die diere wat gevrek het. Die koste van die mikroskyfies moet deur die eienaar van die dier betaal word.

* Die handel in renosterhoring of byprodukte daarvan is verbode in terme van die moratorium wat in die Staatskoerant No. 21301 / Kennisgewing No. 835 gepubliseer was. Alleenlik renosters wat wettig met ‘n TOPS (*Threatened or Protected Species*) en CITES (*Convention of the International Trade of Endangered Species*) permit wettig gejag was mag uitgevoer word.

* Die TOPS jagpermit moet gekoppel wees aan ‘n indiwiduele renoster. Dit help om die horings te koppel aan die eiendom waar die dier gejag word. Hierdie TOPS permit moet verwys word na die Departement van Omgewingsake deur die betrokke bewarings-owerheid.

* ‘n Persoon mag slegs een renoster per jaar jag en uitvoer as ‘n trofee.

* ‘n Mikroskyfie moet in die horing deur die betrokke bewaringsowerheid se verteenwoordiger wat die jag amptelik bywoon ingeplant word. Indien ‘n beampte nie die jag bywoon nie moet ‘n mikroskyfie in die horing ingeplant word voordat die trofee die eiendom verlaat.

* Die jagpermit en ‘n kopie van die professionele jagter se register moet die horing en ander dele van die renoster wat as trofeë uitgevoer gaan word vergesel na die bestemming van die jagter. Die CITES uitvoerpermit moet deur die betrokke beampte by die punt van uitvoer uitgereik word.

Die volgende kontak besonderhede van die provinsiale wetstoepassingsbeamptes in verband met renoster aangeleenthede word in **Tabel 1** hieronder verskaf.



Written by Dr Kobus du Toit, as published in the Landbou Weekblad Magazine.



**Foto 1: Onthoring operasie voltooi om te voorkom dat renosters gestroop word.**





**Foto 2: X-straal foto van mikroskyfie (kolletjie) met naald (witstreep) om die posisie in renosterhoring aan te toon.**

**Tabel 1: Kontak besonderhede van provinsiale wetstoepassing beamptes in renoster bewaring.**

| NAAM | PROVINSIE | TEL NOMMER | e-POS |
|---|---|---|---|
| Rod Potter | KwaZulu Natal | 082 772 8343 | rpotter@kznwildlife.com |
| Paul Gildenhuys | Wes Kaap | 082 551 8312 | pgilden@kingsley.co.za |
| Jaap Pienaar | Oos Kaap | 082 853 1844 | jaap.pienaar@deaet.ecape.gov.za |
| Pieter van Niekerk | Noord Kaap | 079 496 4146 | pvanniekerk@half.ncape.gov.za |
| Juan de Beer | Mpumalanga | 083 579 2456 | juan@mtpa.co.za |
| Werner Boing | Vrystaat | 051 4009535 | boing@dteea@fs.gov.za |
| Riaan de Jager | Limpopo | 083 627 5991 | dejagerr@ledet.gov.za |
| Oupa Chauke | Noordwes | 073 240 6330 | ochauke@nwpg.gov.za |
| Kallie Booyse | Gauteng | 073 305 0161 | Kallie.Booyse@gauteng.gov.za |
| | | | |
| **NAAM** | **ANDER** | **TEL NOMMER** | **e-POS** |
| Sonja Meintjes | Omgewingsake | 012 310 3545 | smeintjes@deat.gov.za |
| Ken Maggs | SAN Parke | 082 804 7895 | KenM@sanparks.org |
| Rusty Hustler | NW Parke | 083 469 3242 | rhustler@nwptb.co.za |